
# Kategese

## 15 Maart 2026

## Junior Kategese:  Voorskool - Graad 6



**Oppad na Paasfees (Kleuters en kinders): Hande wat sorg en seën.**

Net soos sy aardse pa, Josef, was Jesus gewoond daaraan om met sy hande te werk. Jesus het Josef sekerlik van kleins af gereeld in sy skrynwerkerswinkel (houtwerkwinkel) gehelp deur houtsaagsels op te vee en gereedskap aan te dra. Later het Hy self goed met sy hande uit hout gemaak.

Toe Jesus ongeveer 30 jaar oud was het Hy begin om te wys dat Hy nie net Josef en Maria se seun was nie, maar die Seun van God. Deur die wonderwerke wat Hy gedoen het het Hy **sy hande** gebruik om **te sorg** en **te seën**.

Sondag beleef ons Paasfees met 'n "wys en vertel" van hoe Jesus sy hande gebuik het om te sorg en te seën. Sondag "werk" ons met ons hande en verf.

**Johannes 10:28** sê Jesus: "Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit **my hand** ruk nie."

**Kategeet:  Ds Werner Schultz (084 645 1173)**
**Jeug verteenwoordiger:  Rona van Zyl (082 339 1362)**

## Senior kategese: Graad 7 – 12

Die senior katkisante kom elke Sondag na die erediens (behalwe skoolvakansies en langnaweke – sien kerkkalender in dié verband), in die **konferensiekamer**, in die kerksaal byeen.

**Kategeet:  Gideon Muller (083 236 9869)**
**Kategeet:  Ds Willem Sauer (071 674 1675)**